

**29 Maart**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:9-12**

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:9 (1933/53)**

**God se boekhouding werk anders**

Jy het dalk al gewonder wat jou plek in die gemeente is as jy so na jou eie gawes kyk en dit vergelyk met ander lidmate. Jy is dalk nie so geleerd, of het soveel besittings soos ander nie. Die dominee sal dalk nie na jou toe kom om raad te vra oor 'n moeilike situasie in die gemeente nie. In die gemeenskap kan jy selfs dink dat jy nie aan 'n kerk behoort wat miljoene lidmate het nie en dat selfs jou lidmaat-wees van die GKSA jou "uit" laat voel.

Die meer letterlike vertaling van 1953 stel: "Maar laat die broeder wat gering is, roem in sy hoogheid." Die woord vir gering kan ook vertaal word met 'n lae posisie, arm, nie veel van betekenis nie. Die gelowige wat van 'n lae posisie is, kan volgens die fokusgedeelte roem in sy hoogheid.

God se boekhouding werk dus anders as ons mense wat so behep is met status en eretitels. Die een van lae posisie kan roem in sy hoogheid – dit beteken die volharding in die geloof, die besit van die kostelikste skat, naamlik die sekerheid van die beërwing van die beloofde land. En onthou, jou geloof is die eiendomsbewys, die kaart en transport van jou ewige besitting wat Jesus Christus vir ons deur sy lyde verwerf het. As ek dan roem, sal ek net in die Here roem.

Dink daaraan dat God juis vir jou, as geringe, wil gebruik om te getuig dat 'n mens nie deur status of geld die ewige lewe kan beërwe nie, maar net deur te roem in die vaste kinderlike geloof dat Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is.

*Sing: Psalm 71:5 (Afrikaanse Psalmberyming 1936)*

*Ds PA Coetzee (Potchefstroom)*

